

A traditional iconographic representation of Saint Ethelburga. She is shown from the waist up, wearing a red monastic habit with a white collar and a gold chain with a cross pendant. She holds a golden crozier in her left hand and a small model of a church in her right hand. A golden halo surrounds her head. The background is dark, and there are some letters 'A' and 'S' visible on the left side.

ST. ETHELBURGA

7 JULIE

(sterf 664)

Sy was die dogter van Koning Anna, heerse van die Oos-Angele in die destydse grotendeels heidense Angelsaksiese Engeland. Haar ouer suster Sexburga was getroud met koning Erconbert van Kent en deur haar toedoen het die Christelike geloof daar al hoe meer veld begin wen. Hulle dogter se naam was Ercongota en sy en haar tante Ethelburga het besluit om nonne te word. Dit was iets baie ongewoon en aangesien daar feitlik geen nonnekloosters in Engeland was nie, is hulle na Gallië (modern Frankryk). Hulle word volgelinge van die bekende heilige Burgundofara en uiteindelik word Ethelburga abdis van die vroue abdy van Faremoutier in die Brie-woud. Onder die Franse staan sy bekend as Aubierge en sy laat 'n kerk oprig wat aan die Twaalf Apostels toegewy was.